**Vrydag 17 Augustus**

| **Skrifgedeelte: 1 Timoteus 6:11-16** | **Fokusgedeelte: 1 Timoteus 6:11** |
|---|---|

# Wegvlug en najaag

In ons teksgedeelte gee Paulus aan die jong Timoteus die opdrag om van sekere dinge weg te vlug, maar ook om sekere deugde na te jaag. Timoteus moet homself van geldgie-righeid weerhou, want dit is die wortel van baie sondes. Terselfdertyd moet hy die Christe-like deugde van geregtigheid, godsvertroue, geloof, liefde, volharding en sagmoedigheid nastreef.

Die Christelike lewe bestaan inderdaad uit ’n spanning: die afsterwe van die ou mens teenoor die opstanding van die nuwe mens; ’n weerhouding van sekere praktyke teenoor die najaag van ander; die onttrekking van sekere sosiale kringe teenoor betrokkenheid by ander.

Die vraag is: Wanneer moet ons wegvlug en wanneer najaag? Die leidraad wat ons in verse 13-15 kry, is dat ons ten alle tye die eer van God moet nastreef, want Hy is Heerser en Koning oor alle dinge. In ons besluitneming is die eer van God die uitgangspunt en die voorbeeld van Christus die rigtingwyser. Die Christen kan nie deelneem of aandeel hê aan praktyke of gedrag wat God onteer nie.

Terselfdertyd moet die Christen elke geleentheid benut waar die eer van God verkondig kan word en ’n getuienis vir God gelewer kan word. Elke situasie vra van ons ’n wyse oor-deel. Ons behoort daarom gereeld te bid dat God deur sy Gees aan ons die wysheid sal gee om te weet wanneer om weg te vlug en wanneer om na te jaag.

*Sing: Psalm 111-2:1-4*

*Dr. Nico Vorster (Pretoria-Annlin)*